Sing vooraf: Psalm 146:4 (p. 701)

4 Dis die HEER wat aarde͡en hemel, / die getuies van sy mag,
met die see en wat daar wemel, / voortgebring het deur sy krag;
wat, onwrikbaar in sy trou, / altyd sy beloftes hou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 150:1 (p. 719)

1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëndhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 148:5 (p. 712)

5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde͡en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heelal!

Skriflesing: Openbaring 1:9-20

Teks: Openbaring 1:9vv; Kategismus Sondag 12

Wat glo u van Jesus Christus? Weet u wat dit beteken as u Hom as die Ewige en Almagtige God bely?

1. Waar is die Here Jesus Christus en wat doen Hy nou?
2. Hoe ver is ons nou van die Here Jesus Christus af?
3. Belydenis en verantwoordelikheid

1. Waar is die Here Jesus Christus en wat doen Hy nou?

Een Sondagoggend het Johannes ’n basuin hoor blaas.

- Dit self was nie vir hom vreemd nie, want dit was die Joodse gebruik om die volk op die Sabbat bymekaar te roep vir die erediens, en die Christene het dit net so by hulle oorgeneem.
- Die basuin was die teken dat die volk hulle moes voorberei vir ’n ontmoeting met God in die erediens.

Toe Johannes dus die geskal van die basuin hoor, draai hy om en Hy sien die Seun van die mens – Jesus, die Koning van die kerk.

- Dit was die apostel Johannes gegun om die Here Jesus te sien soos ons Hom bely – opgestaan uit die dood, en in sy volle heerlikheid.
- Johannes sien Hom as Hoëpriester wat daar tussen die kandelare (sy kerke) rondloop.

Johannes het die Here Jesus dus gesien in die weelde van sy ewige heiligheid.

- Hy het Jesus gesien as die Trooster vir sy volk en as volmaakte Oorwinnaar oor die dood.
- Dit is inderdaad ook hoe ons die Here Jesus bely.

Ons hele lewe is gebou op die evangelie van verlossing.

- Dit is ons hoop vir die toekoms na die dood.
- En dit is ons troos wanneer ons swaarkry in die verdrukking en stryd van hierdie lewe en van die sonde.

Wat is die evangelie van die Here Jesus Christus?

- Ons kan dit opsom met die Naam: **Jesus Christus**. Hy is die hele inhoud van ons evangelie van verlossing.
- God die Vader se hele raad en wil aangaande ons verlossing trek saam in Jesus Christus.
- Dit was so beplan dat:
    - Hy op die aarde sou lewe, en die diepste smarte en stryd onskuldig sou moes deurmaak,
    - sodat dit daardeur moontlik word dat Hy die las van alle mense gedra het wat skuldig staan teenoor die Here.
- Nou boodskap (verkondig) die Here aan ons dat daar vir ons verlorenes verlossing is in die Here Jesus Christus. Dit is die inhoud van die evangelie van verlossing.

In die werk van die Here Jesus Christus staan en val die hele leer van die uitverkiesing.

- Hy leer self dat Hy nie vir alle mense deur die bank verlossing bewerk het nie.
- Hy het die raad van God uitgevoer deur net te sterf vir die wat syne is, wat Hy tot die einde toe liefgehad het.
- Dit is sekerlik die grootste openbaring van God se liefde en ontferming.

Dink vir die oomblik aan die Here Jesus soos Hy daar voor Johannes gestaan het.

- In Hom het Johannes gesien hoe elke profesie van die Messias van die skepping af vervul geraak het.
- Die Messias wat belowe was, het gekom. Hy het geleef en gesterf, en die dood oorwin.
- Hy het opgevaar hemel toe, en daar sien Johannes Hom as God die Almagtige. Hy sien Hom as die Regeerder oor sy kerk.

Op hierdie oomblik het Johannes ook gesien wat van die kerk geword het.

- Hy het dit self beleef dat die Here hulle, sy dissipels, uitgestuur het om die kerke te gaan stig. Johannes self is al oud en baie van die ander is al dood.
- Johannes was een van die apostels wat na hulle die ouderlinge en diakens as die regeerders en priesters van die kerk aangestel het.
- Hy het gesien hoe hulle onder die leiding van die Heilige Gees die verlossing van die kerk verkondig en die kerk geregeer het in die Naam van die Here Jesus Christus.
- Nou sien hy die Here Jesus soos Hy nou is: Die ewige God en Here – die almagtige Regeerder van sy kerk!

2. Hoe ver is ons nou van die Here Jesus Christus af?

Die Here Jesus Christus het ook die Heilige Gees na ons toe gestuur.

- Dis die Heilige Gees wat ons die evangelie laat aanneem.
- Dis Hy wat geloof in ons bewerk.
- Die Heilige Gees laat ons met lewensblydskap leef, want die Heilige Gees laat ons deur hierdie evangelie besef dat daar geen stryd of droefheid in hierdie lewe is nie, of ons het daarvoor die beskerming van Jesus Christus se borgskap.

So word die troos wat oor Jerusalem uitgeroep is dat al haar skuld betaal is, en dat al haar oortredinge met God versoen is, deur die Here Jesus Christus in elkeen van ons se lewens ’n werklikheid.

Dit gaan natuurlik in hierdie hele saak veral oor die *Priester*skap van die Here Jesus Christus.

- Hy was Priester en Offer gelyktydig.
- In die woorde van Openbaring sou ons kon sê: Hy was Hoëpriester en Hy was die Lam wat geslag is.
    - Hy moes ’n offer bring, en kon geen beter of ander offer bring nie as net Hyself.
- Hy is Priester volgens die reg van God omdat Hy as Versoener optree, en ook omdat Hy die offer moet bring.
- As Priester sorg Hy dat daar deur sy offer vir die gelowiges verlossing uit die hand van die Satan is – volkome bevryding van die mag van die sonde.

Die priesterskap van Christus gaan nog verder:

- Hy doen steeds as ons Hoëpriester voorbidding by God.
- Hy het met sy hemelvaart in die binneste van God se heiligdom ingegaan en pleit daar op grond van sy eie verdienste vir ons.

Al hierdie dinge beteken nie dat die Here nou alle vrees en spanning uit ons lewens gaan wegneem nie.

- Daar staan in vers 17 dat die Here sy hand op Johannes gelê het, en vir hom gesê het dat hy nie moet vrees nie.
- Dit impliseer tog baie duidelik dat daar spanning sal wees.
- Maar dit sê reguit dat die krag van die Here Jesus ons in sulke oomblikke sal versorg – niks kan buite die wil van God om aan ons skade doen nie.

Vers 13 beskryf die Here Jesus Christus as *Koning*.

- Hy dra ’n goue gordel – die teken van koninklike waardigheid.
- Die Here Jesus is God die Koning van sy kerke.
- In sy koningskap is Hy onveranderlik en Almagtig.
- Hy is alomteenwoordig om almal te bewaar en te versorg:
    - sodat elkeen wat glo in sy genade, gered word en vir ewig deel is daarvan,
    - maar ook sodat elkeen wat nie glo nie en aan Hom ongehoorsaam is, gestraf word.

Die liefdevolle heerskappy van Jesus Christus oor ons is eindeloos. Daarom teken die Bybel Hom hier so dat sy aangesig is soos die son wat skyn in sy krag.

3. Belydenis en verantwoordelikheid.

Ons het as kerk almal gemeenskap met hierdie Here Jesus Christus.

- Daarom staan daar dat Jesus, die almagtige God, tussen die kandelare wandel.
- Hy beweeg elke oomblik tussen ons rond.
- Dit is tog die vervulling van Psalm 23 wat leer dat die Here my Herder is, wat my so deur die lewe lei dat ek niks kortkom nie.

Maar dan moet ek ook my verantwoordelikheid nakom.

- Ek moet nie net sy Naam met my lippe ken nie.
- Ek moet Hom werklik ken en prys met my hele lewe.

Ek moet dit uitjubel dat ek ook daagliks sy genade oor my lewe ontvang.

- Spontaan moet dit my dryf om te bid en te sing tot Gods eer.
- Dit moet my met verlange laat uitsien na elke moontlike oomblik wat ek met Hom gemeenskap kan beoefen.

My verantwoordelikheid en liefde vir God in hierdie lewe word afgerond met ’n volmaakte gemeenskap met Hom in die hiernamaals.

- Dit sal ’n gemeenskap wees waar ons onder ’n nuwe hemel en op ’n nuwe aarde woon waar net die goeie gawes sal wees wat die Here Jesus vir ons voorberei het.
- Ons sal elke oomblik vreugde en genot beleef, en daarmee saam die teenwoordigheid van God.

Is u ’n ware Christen?

- Dan moet u lewe en u belydenis met mekaar klop.
- Dan moet u streef na kennis van sy Woord.
- Dan moet ons alles probeer om sy wet te gehoorsaam.
- En dan moet ons glo dat Hy saam met ons lewe.

Kom ons kyk saam wat ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus hiervan leer in Sondag 12:

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: *Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).*

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, l0. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk l:33; Matt 28:18; Joh 10:28 Op 12:10, 11.

Vraag 32: Waarom word jy ’n Christen genoem (a)?

Antwoord: *Omdat ek deur die geloof ’n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as ’n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met ’n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).*

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom I2:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 2, 3. (33:1, 2, 3)

1 Wat ’n liefde͡en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore͡is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewge vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare͡omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

3 Wie die Midd’laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde͡is ongeregtigheid!
Maar ons lewe͡uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 19 April 2009 Aanddiens